13 Okt 2024

# Eredienste

YouTube ngnylstroomoos

09:00 Erediens
Prediker: Zilcha Mostert
Verwelkoming (Koffie/tee word bedien)
OGG Bossie Boshoff
Ontvang nuwe intrekkers: Hannetjie Boshoff
Blomme: Gerda van Biljon

# Dagboek

So, 13 Okt - 09:00 Erediens & Kategese;
- 10:15 Droë vrugte verkoping in die saal
- 16:00 Koffiekerk

Di, 15 Okt - 09:00 Bybelstudie (in die kerk)
Do, 17 Okt - 08:30 Woord & Brood

# Gebedslys

## Langdurige siektes:

Rika Rischbieter; Celia Jordaan; Dirkje Combrink; Sorina du Toit; Pieter van Eeden

## Siektes/operasies/sterftes:

Pieter van Oudshoorn is terug by die huis maar nog baie swak.

NG NYLSTROOM-OOS
NG Nylstroom-Oos
www.ngnylstroomoos.com
Ds Ewald Schmidt 082 579 6648
Ds Danie Ueckermann 082 579 6649
Admin: 072 262 5929
Finansies: 073 411 6944
admin@ngoos.co.za
kerkkantoor@ngoos.co.za
Kantoorure: Ma-Do, 08:00 - 14:00
Vr, GESLUIT

# Gebedsriglyne

13 Okt - 20 Okt

## A. FOKUS OP GOD

*"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede veerhoor as ons enigiets volgens Sy wil vra" - 1 John 5:14.*

***"God is lig en daar is geen duisternis in Hom nie" - 1 Joh. 1:5.***

- Word stil in jou Heilige Vader se teenwoordigheid en vra dat Hy met jou sal praat uit Sy woord.
- Lees dan 1 Joh. 1:5 - 2:10 en luister na wat Hy vir jou wil sê: Wie is God vir jóú en watter effek het dit op jou lewe?
-

## B. VERANDER MY HERE

- Is daar énige aspekte van jóú lewe wat jy nie wil hê moet in die lig kom nie?
- Lees Ef. 5:6 - 20 en luister na wat God se plan vir jou lewe is.
- Bely enige ongehoorsaamheid (sonde) waarvan die Heilige Gees jou oortuig.

-Ontvang Sy vergifnis en gaan lewe as iemand wat skoongewas en vrygemaak is (1 Joh. 1:8 - 9).

## C. GOD SE KONINKRYK

- Lees weer deur Ef. 5:1 - 20 en gebruik elkeen van hierdie opdragte om te bid vir

-jou eie lewe voor God (in Sy lig)
-jou gesin en geliefdes se geestelike groei
-ons geestelike leiers en ander lidmate

## D. BEROEPINGSPROSES

***"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie" - Spr. 3:5.***

- Bid in die besonder vir die Beroepingskomittee en vir die Kerkraad:

-Dat hulle opreg na Gód se wil vir ons gemeente sal soek en sal staatmaak op die insig wat van Hóm af kom.
-Bid vir onderskeidingsvermoë en Goddelike wysheid in alle besluitnemings.

- Bid ook dat God self die hart en gedagtes sal voorberei van die persoon wat Hý in die gemeente wil gebruik.

## E. REëN

***"Ons moet die Here ons God dien wat ons die groot reëns gee, die vroëe en die laat reëns, elkeen op die regte tyd, wat vir ons gesorg het met oeste op die regte tyd" - Jer. 5:24.***

- Bid dat ons ook God se voorsiening van reën en goeie oeste sal ervaar wanneer ons Hóm dien deur Sý koninkryk en Sý wil eerste te stel in ons lewens.

## F. VOORBIDDING


- Bid vir die matrieks wat besig is met voorbereiding vir hulle finale eksamens.

-Dat God hulle sal toerus met wysheid en begrip en dat hulle met ywer sal werk en leer.
-Dat hulle kalmte en helderheid van verstand sal ervaar wanneer hulle vraestelle skryf.
-Dat hulle op Hóm sal vertrou vir die lewe na skool - Hý wat vir hulle 'n toekoms en 'n verwagting wil gee.

## G. AFSLUITING

***"Vir dié wat U wet liefhet, is daar groot sekerheid; niks sal hulle laat struikel nie. Ek vestig my hoop op die hulp van U, Here..." - Ps. 119:165 & 166.***

Indien u die gebedsriglyne op WhatsApp wil ontvang in groter skrif, kontak Marietha Ueckermann by 072 451 2385.













Onthou dat daar vir nóg drie Sondae kandidate vir die medeleraarspos hier by ons preek. Bring 'n skryfding om 'n kort vraelys in te vul, asb.

# Verjaarsdae

14 - 20 Oktober

13 Okt: Liané de Wilzem, Janneman Henn, Willie Kruger, Vilinda Lombard, Cornelia Matthysen, Arthur Oosthuizen
14 Okt: Johan du Plessis, Louis Pienaar, Annemarie van der Merwe
15 Okt: Jaun-ré Botha, Tom Heath, Andries Potgieter, Tinkie Steenkamp
16 Okt: Cooper Matthysen
17 Okt: Carel van der Merwe
18 Okt: Kylie de Jager, Hennie Pretorius, Heleen Swart, Jenny van der Merwe
19 Okt: Melani Britz

**75 & ouer**:

13 Okt: Ria Stolp
14 Okt: Martie Booysen
15 Okt: Louis Olivier
16 Okt: Willie Cloete, Machiel Schutte
17 Okt: Bossie Boshoff
19 Okt: Spooky Eygelaar

# Nuwe Lidmate

Geen nuwe lidmate.

# Ander

## Gemeente WhatsApp Kanaal

Skandeer hierdie QR kode om die kanaal te volg.

## Gemeente kommunikasie

Laai asseblief die Winkerk toep af, registreer en kry die afkondigings, enige veranderinge aan die gemeente se kalender, jou inligting en meer.

SnapScan

Maak gerus betalings na die gemeente deur die meegaande QR kode te skandeer.
Spesifiseer asb waarvoor die betaling is in die 'Payment reference' blokkie - kollekte, bydrae vir (Bybelgenootskap, fees) ens.